

Vrydag 13 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 16:13-20

Fokusgedeelte: Matteus 16:19; HK Sondag 31, Vraag 83

Die sleutels van die koninkryk van die hemel

Om te weet wat die sleutels van die koninkryk van die hemel is, moet ons eers weet wat met die koninkryk van die hemel bedoel word. Matteus praat meesal van die koninkryk van die hemel, en Markus en Lukas van die koninkryk van God. Die rede daarvoor is dat Matteus aan mede-Jode geskryf het en hulle was bang dat hulle die derde gebod sou oortree as hulle van die koninkryk van God praat. Inhoudelik beteken albei uitdrukkings presies dieselfde, naamlik dat God Koning is en dat Hy oor alles en almal regeer. As ons van die koninkryk van die hemel praat, bedoel ons meesal God se koninkryk soos dit hier op aarde gevestig is. Tog staan dit nooit los van die hemel nie. Daarom word van die onderdane van die ryk van God gesê dat hulle burgerskap in die hemel is (Fil. 3:20), en dat hulle by hulle sterwe na Christus in die hemel gaan (2 Kor. 5:1; Fil. 1:23). Daar is 'n baie nou verband tussen die koninkryk van die hemel en die kerk, al mag hulle nie met mekaar vereenselwig word nie. Daarom is dit te verstane dat albei dieselfde vyande het. Teenoor die koninkryk van die hemel – en die kerk – staan Satan as vors van die duisternis met al sy onderdane en handlangers. Hulle wil die koninkryk van die hemel en die kerk ondermyn en ruïneer en, as dit kan, heeltemal verwoes. Daarom spreek dit vanself dat hierdie vyande van Christus uit die kerk as die strydende leer van die koninkryk uitgehou moet word.

Die beeld wat hier gebruik word, is dat die koninkryk van die hemel 'n ommuurde vesting is wat slegs vir gelowiges oopgesluit, maar vir ongelowiges toegesluit, word sodat hulle geen toegang daartoe kan kry nie. Hoewel Christus die Koning van die koninkryk en derhalwe die eintlike Sleuteldraer is (Op. 3:7, 8), hanteer Hy nie self direk die sleutels nie. Dié taak het Hy aan die kerk opgedra toe Hy aan Petrus gesê het wat hierbo uit Matteus 16:19 aangehaal is (vgl. Matt. 18:18). Die kerk moet die sleutels volgens die Woord van God en onder leiding van die Heilige Gees hanteer.

Daar is twee sleutels, naamlik die verkondiging van die evangelie en die toepassing van die kerklike tug. Streng gesproke is daar net een sleutel, en dit is die *Woord van God*. Die Woord word egter op verskillende maniere in die prediking en die tug gehanteer.